

3 September

Skrifgedeelte: Matteus 6:9-13

Fokusgedeelte: Matteus 6:9c; Heidelbergse Kategismus Sondag 47

Laat ek u Naam heilig!

As ek bid: "Laat u Naam geheilig word", wat wil ek hê moet gebeur? Eintlik moet ek vra: Wie wil ek hê moet optree? Ek of God?

As ek bid: "Laat u Naam geheilig word", dan kan ek baie maklik dink: Dit is iets wat God Self moet doen. Ek moet net bid dat Hy dit sal doen en dan sal Hy Self sy Naam verheerlik. As ek so dink, dink ek verkeerd. Dit is nie iets wat God sonder my moet laat gebeur nie, maar iets wat ek moet doen! Ek moet God se Naam verheerlik! Hoor maar wat, sê die Kategismus, beteken dit. Luister ook hoe baie word daar gesê *ons*, wat eintlik ek en my medegelowiges beteken.

Die Kategismus sê: Laat u Naam geheilig word, beteken: Gee allereers dat ons U reg ken en dat ons U heilig, roem en prys in al u werke, waarin u almag, wysheid, goedheid, geregtigheid, barmhartigheid en waarheid so skitter. Gee verder dat ons ons hele lewe, gedagtes, woorde en werke daarop sal rig dat u Naam om ons ontwil nie gelaster nie, maar geëer en geprys word.

Hoor u dit? Die eerste bede betrek my voluit. Die eerste bede is nie 'n gebed dat God Self sy Naam sal verheerlik nie, maar dit is 'n gebed dat ek (ons) God se Naam sal verheerlik!

As ek dus bid: Laat u Naam geheilig word, dan bid ek eintlik dat die Here my sal help om sy Naam te verheerlik in alles wat ek doen. Is u al gereed om dit te doen? Doen u dit al reeds? Doen U dit elke dag met oorgawe? Nie? Bid dan meer gereeld: Laat u Naam geheilig word! Dan sal God u help om dit te doen.

Sing: Psalm 96:5 (Totius)

Ds. HPM van Rhyn (Pretoria-Noord)